



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

**AFRIKAANS HUISTAAL V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesstuk. Spel en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word slegs die twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Die nasien van 'n aanhaling vereis dat die aanhaling 100% korrek aangehaal moet word.
- Aanvaar dialektiese variasies.

VRAAG 1 (Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	“uitgeleef in strokiesprente” ✓	1
1.2	Spotprente, strokiesprente ontstaan deur 'n gedagte en word deur 'n potlood geskep. ✓ <i>(Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.)</i>	1
1.3	Spotprente spreek ons sosiale gewete aan deurdat ons lag vir mense se foute, ✓ terwyl strokiesprente ons fantasieë en drome blootlê. ✓	2
1.4	Hy het as kind sonder televisie grootgeword. ✓	1
1.5	Die Adoonse se kaskenades was 24 jaar lank in die <i>Huisgenoot</i> . ✓ Die Adoonse het in boekvorm verskyn. ✓ Dit is vir radio en televisie verwerk. ✓	3
1.6	Beide het bekendheid as spotprentkunstenaars verwerf. ✓ Ek sou Honiball kies omdat ek van bobbejane/die natuur hou./ Ek sou Mouton kies omdat ek van onvoorspelbaarheid hou/hy bekendes in sy spotprente gebruik. <i>(Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir die TWEE punte aan.)</i>	2

1.7	<p>Jeffreys sê dat Mouton se werk nie voorspelbaar/of verveelig is nie. ✓</p> <p>Ja. Dit kan as geloofwaardig beskou word aangesien hy reeds met verskeie groot toekennings bekroon is./</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ja. Jeffreys is 'n voormalige redakteur van <i>Die Burger</i>, het nou saamgewerk met Mouton, en weet dus waarvan hy praat. ✓</p>	1
1.8	<p>Mouton gebruik graag spraakborrels met die woorde in hoofletters. ✓</p> <p>Hy is 'n ervare kenner wat snaaksighede/wyshede gebruik, ✓ om sy karakters in hul eiesoortige streekstaal te laat praat. ✓</p>	3
1.9	<p>Nee. Hy doen uitdagende werk, veral wat die politici woedend maak, en word nie daardeur van stryk gebring nie. ✓</p> <p>Zapiro se toekenning is vir Dapperheid in Redaksionele Spotprentwerk, terwyl Mouton die Spotprentkunstenaar van die Jaar asook 'n medalje vir Kreatiwiteit in Joernalistiek verwerf het.</p> <p><i>(Kandidaat moet beide die verskille in toekennings aandui vir EEN punt. Die kandidaat bied soortgelyke antwoorde aan vir EEN punt elk.)</i></p>	2
1.10	<p>Sy glo ook dat dit kommentaar lewer op dwaashede en morele foute van openbare gesagsfigure, skandale en belangrike gebeure op plaaslike en internasionale gebied. ✓</p> <p>Ek verkies spotprente aangesien dit my met een oogopslag die boodskap gee. ✓/</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ek verkies strokiesprente aangesien ek hou van droom en fantaseer en meer hou van 'n langer 'storie'. ✓</p> <p><i>(Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan wat sy motivering verduidelik.)</i></p>	2
1.11	<p>Eenvoud en ekonomie wat betref die styl en woorde ✓/</p> <p>idiome ✓/</p> <p>simboliek ✓/</p> <p>volksgrappe ✓/</p> <p>woordspel ✓/</p> <p>stereotipes ✓</p> <p><i>(Enige VIER van bogenoemde.)</i></p>	4
1.12	<p>Amerikaanse karakters (Dagwood, Garfield, Charlie Brown) het in verskeie ander plaaslike koerante verskyn en het so wêreldbekendheid verwerf. ✓</p>	1

1.13	Ja. ✓ Dit verbreek die stilte oor taboe onderwerpe en laat mense anders na dinge kyk. OF Nee. ✓ Dit kan lei tot 'n vervlakking van morele waardes en norme.	1
1.14	Hy lyk bekaf omdat sy kop en ore hang, sy oë is ook wyd oopgesper asof hy dit nie kan glo nie.	1
1.15	Sy bedoel dat hulle met die noodsaaklikste moet oorleef omdat hul betaaldag/wanneer hulle weer hul salaris kry, nog ver is./ Hulle braai nie vleis nie, nie omdat bek-en-klouseer uitgebreek het nie, maar omdat hulle nie geld het vir vleis nie. <i>(Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.)</i>	1
1.16	Die woorde is vetgedruk. ✓ Die woorde word herhaal. ✓ Deur woordspeling. ✓ <i>(Enige EEN van bogenoemde.)</i>	1
1.17	Die spotprent wys hoe lief sommige Suid-Afrikaners is vir braai en tot watter uiterste hul sal gaan/dui op giere. ✓ Die spotprentkunstenaar het gebruik gemaak van stereotipering/idiome/oordrywing/woordspel/volksgrappe/belangrike gebeure plaaslik en internasionaal. ✓	2
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming:**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eië sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in **vollesinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/bepanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien 'n kandidaat meer as een paragraaf skryf, sien slegs die eerste paragraaf na.

- Punte word soos volg toegeken:
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
 - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - As die vereiste getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepeenaliseer word nie.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

Aanhalings uit die teks:		Eie woorde:	
1	<ul style="list-style-type: none"> • Raak sosiaal ... deur vaslêgroepe ... 	A	Raak sosiaal deur vaslêgroepe te stig.
2	<ul style="list-style-type: none"> • Dis baie belangrik om te oefen tydens die eksamen ... wees aktief ... 	B	Wees aktief saam met vriende wat saam met jou studeer.
3	<ul style="list-style-type: none"> • ... skryf 'n "oefen-eksamen" ... deur ou vraestelle deur te werk en mekaar s'n te merk ... 	C	Skryf "oefen-eksamens" en werk so deur ou vraestelle waarna julle mekaar se vraestelle merk.
4	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik visuele voorstellings om jou werk meer toeganklik te maak. 	D	Deur jou werk visueel uit te beeld, kan dit meer toeganklik gemaak word.
5	<ul style="list-style-type: none"> • Spanning en angs kan jou kelder, ... fokus dus op jou asemhaling deur dit te oefen. 	E	Beveg spanning en angs deur op jou asemhaling te fokus en dit reg te beoefen.
6	<ul style="list-style-type: none"> • Sien dinge in perspektief. 	F	Sien dinge in perspektief deur te fokus op die vraestelle wat nog voorlê.
7	<ul style="list-style-type: none"> • Jy moet beheer neem van jou studietyd ... hou by jou skedule ... 	G	Besluit dat jy wel in beheer is van jou studietyd.

(75 woorde)

MOONTLIKE PARAGRAAF

Raak sosiaal met vaslêgroepe. Wees aktief saam met vriende wat saam met jou studeer. Skryf oefen-eksamens en merk mekaar se antwoorde. Deur jou werk visueel uit te beeld, kan dit meer toeganklik gemaak word. Beveg spanning en angs deur op jou asemhaling te fokus en dit reg te beoefen. Sien dinge in perspektief en fokus op die vraestelle wat nog voorlê. Besluit dat jy in beheer is van jou studietyd en hou by jou skedule.

Getal woorde: 75**TOTAAL AFDELING B: 10**

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**VRAAG 3****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Taal vorm verhoudings tussen mense ongeag hul kultuurverskille en skep so 'n band. ✓	1
3.2	Verhoudinkies ✓	1
3.3	Baie ✓	1
3.4	Samestellende afleiding ✓ Gevolg/resultaat ✓	2
3.5	Dit skep aandag op die belangrike deel/verklaring wat volg. ✓	1
3.6	op pad ✓	1
3.7	Daarom ✓	1
3.8	Taal is onlosmaaklik verbind aan 'n mens se verlede sowel as jou toekoms. ✓	1
3.9	Aarts dui op opperste / eerste ✓	1
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Hulpwerkwoord van tyd ✓	1
4.2	Hierdie onderbroke gesprek irriteer my vreeslik./ Hierdie onderbroke les maak dat ek niks verstaan nie. ✓	1
4.3	Jý ✓	1
4.4	Wag, gou, Mavis./ Wag net 'n oomblik, Mavis./ Net 'n oomblik, Mavis./ Verskoon my, Mavis.	1
4.5	Verstekeling ✓	1
4.6	Ja, die persoon lyk baie tevrede/ingenome met haarself/asof sy seker is van haar saak. ✓	1
4.7	Waar sal nou deur hulle weggekrui word? ✓	1
4.8	Ek is steeds nie seker oor 'n vrouebestuurder wat kougom kou nie./wat blonde hare het nie. ✓ <i>Die kandidaat bied 'n eie gepaste byvoeglike bysin vir EEN punt aan.</i>	1
4.9	Twyfel/onsekerheid/bevooroordeeld ✓ Seksisme ✓	2
		[10]

VRAAG 5

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	ei skoonheid ✓	1
5.2	litteken ✓	1
5.3	Pleonasme/woordoortoligheid (stukkende gebrokenheid) ✓	1
5.4	Japannese/Japanners ✓	1
5.5	Ek moet my klere laat verstel na die vakansie, want ek het soveel gewig opgetel! ✓	1
5.6	poeier ✓ babapoeier/lyfpoeier/voetpoeier ✓	2
5.7	Maar ✓	1
5.8	ander ✓	1
5.9	konnotatief ✓	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING C:	30
	GROOTTOTAAL:	70